

INHOUDSOPGAWE

God is groter	1
'Veilige seksuele omgang'	10
Uitruil van geskenke	11
Die oordeel ... wanneer?	13

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

GOD IS GROTER

J van Bruggen

Vandag wil ek graag u aandag vra vir die tema 'God is groter'.

Dit gaan dus nie oor 'n onderwerp, een van die miljoene onderwerpe in die skepping nie. Dit gaan oor 'n persoon. Dan ook nie oor een van vele persone nie, maar oor die Een self, die Almagtige.

Daarom versoek ek u om 'n oomblik stil te raak voor Sy aangesig.

1. Wat 'n ontoeganklike lig bewoon

Op soek na God se beeld

Tydens ons Bybelstudiebyeenkomste praat ons baie oor God die HERE. Nie altyd direk nie. Partykeer gaan dit sommer oor afgeleide en alledaagse onderwerpe. Maar ons vra wél altyd wat Hy daarvan sê. Uiteindelik soek ons nie iets, ons soek ook nie antwoorde nie, maar ons soek Hom.

Vir hierdie doel bestudeer ons immers die Bybel, wat sy daade beskryf en sy stem laat hoor. Daarom omring ons ons Bybelstudie met gebed.

Wanneer ons so besig is vorm ons vir onself ook altyd 'n bepaalde beeld van God. Ook al besef ons dat ons voorstellings nie korrek is nie, kan ons tog nie die opwelling daarvan keer wanneer ons bid nie. Ons spraak word ook dikwels onbewustelik



beheers deur so 'n ingebeelde beeld van God. Ons dink ons weet en sê dan: 'Vir God is kerkkeuse regtig nie so belangrik nie' of 'Ek kan my nie voorstel dat God mense sal verwerp nie.'

Die voorstelling wat ons van God het, dikwels onopsetlik, gee aan baie van ons diskussies 'n groot sekerheid en oortuiging. Vir ons is twyfel en onsekerheid by 'n Bybelstudiegroep net nie aanvaarbaar nie. Ons strewe na 'n oplossing, 'n algemeen

aanvaarde standpunt. Ons voel verplig om te kies wat pas by ons beeld van God.

Beelde is verbode!

Hoe geregverdig is dit eintlik om 'n beeld van God te hê wat ons denke en besprekings gaan oorheers?

In die Tien Gebooie vind ons 'n gebod wat dit uitdruklik verbied om 'n beeld van God te maak: 'Jy mag vir jou geen beeld of gelykenis maak nie...' Dit verbied ons om te leef met béélde van Hom. Dit was een van die mees kenmerkende eienskappe van die godsdiens van Jahwe, naamlik, dat daar geen beelde van Hom mog wees nie.

In die Ou Midde-Ooste van so 3000 jaar gelede was dit baie ongewoon en rewolusionêr, dit was ongehoord. Deur die woestyn het daar 'n volk getrek met 'n leë tabernakel. Wie het dit ooit beleef en ooit daarvan gehoor? Uit buitebybelse bronne weet ons hoe die mense in daardie eeue hulle hieroor verbaas het.

Al die godshuise was mos daar ter wille van die beeld. Vir daardie rede het mense juis 'n tempel gebou: om 'n beeld daarin te plaas en om dan sodoende jou god naby jou te hê. Oorsigtelik en beheerbaar!

Maar daardie volkie Israel het 'n tabernakel, 'n tempel, met niks daarin nie. Wel 'n paar meubelstukke, maar nie 'n beeld nie. Dit het soos 'n onbewoonde huis gelyk. Was hul God dan nie as gevolg hiervan eindeloos ver weg nie?

Net 'n Stem!

Hoekom dan so? Wat wou God met hierdie nuwigheid bereik?

In Deuteronomium 4 het Moses dit baie breedvoerig vir ons verduidelik. Die HERE het sy volk op hierdie manier daaraan herinner hoe hulle by Sinaï gestaan het. Hy was naby hulle. Hulle het sy stem gehoor. Hulle het sy Tien Woorde

ontvang, maar hulle het geen gestalte gesien nie.

Dis 'n herinnering aan hoe dit alles begin het. Daar was die indringende Stem en die kragtige daad: watter god het al ooit 'n volk met tien sulke plae uitgelei en dwarsdeur die water na vryheid gelei? Daar was egter nie 'n sigbare gestalte nie. Nie in Egipte nie en ook nie by Sinaï nie. Israel moes daarom naby aan God bly deur te luister en gehoorsaam te wees: die uitbeitel van 'n beeld hoort nie daarby nie.

Alle hoeke van die heelal, uit alle rigtings, hoor ons: 'Ons is te klein, ons is nie Hý nie!'

Die heerlike Gestalte

Is dit dalk omdat God abstrak sou wees? Net iets wat jy jou kan indink, maar nie iets wat 'n gestalte het, wat jy jou kan voorstel nie? 'n Mens kan mos 'n voorstelling maak van enige iets wat bestaan? Hoekom dan ook nie van God nie: is Hy te yl vir 'n beeld? Soos lug wat nie 'n vorm het nie?

Vandag leef hierdie godsbeeld by baie moderne mense, ook Christene. Vir hulle is 'n gebed byvoorbeeld ook nie meer 'n gesprek in 'n spesifieke rigting en met 'n spesifieke Persoon nie. Bid is vir hulle 'n houding, 'n vorm wat jy aanneem om so die "ongevormde Aanwesige" uit te druk. Die Bybel leer ons egter nie van 'n yl, ongevormde God, 'n newel wat ongrypbaar is nie. Inteendeel. In Deuteronomium staan nie dat God nie 'n gestalte *het* nie, maar dat niemand dit *gesien* het nie.

Natuurlik is daar 'n gestalte van God en natuurlik bestaan sy beeld.

In die begin het God die mens na sy beeld geskape. Hoe sou dit ooit iets kon beteken as God nie self 'n gestalte het nie?

Dieselfde Moses wat die volk geleer het om nie 'n beeld te maak nie, mog sê iets van die HERE

Dit is geen egte liefde as ons nie totaal onverdraagsaam is teenoor alle populêre verdraaiings van liefde, nie.

- JF MacArthur

sien. Weliswaar het die HERE by daardie geleentheid Moses se gesig bedek, maar tog mog hy van agter af iets van God se glorievolle gestalte gesien het.

En alhoewel God alles sien en sy oë oor die hele aarde gaan, kan daar tog gepraat word van spesifieke engele wat onderskei kan word van ander, wat direk voor Hom staan en sy aangesig kan sien.

God is oral, maar nie as leë lug nie. Hy het beslis 'n adres en 'n woonplek. Die hemel is sy troon en die aarde die voetbank van sy voete. Hy is nie orals en nêrens nie!

Onse God bewoon 'n ontoeganklike lig. Daarom is dit so dat geen mens Hom al gesien het nie en daarom kán ook niemand Hom sien nie. Hy, die Ewige, is vir ons die Onvoorstelbare. Hy is soveel hoër as al ons gedagtes en daarom is al wat ons werklik kan doen, om Hom te aanbid!

Hierdie diep gevoel van ontsag en respek vir lemand wat bo al ons voorstellings en woorde uitstyg, ontbreek deesdae al hoe meer in ons kultuur.

Die Aanbiddelike

So gebied die tweede gebod ons ook om te *buig* voor die Almagtige. In die moderne Christendom is daar dalk nog plek vir meditasie en gebedsoomblikke van stilte, maar om te buig bestaan nie meer nie. Mens buig of kniel vir 'n spesifieke gestalte en in 'n bepaalde rigting. Vir lug kan jy nie *buig* nie, maar wel voor die HERE. Hy beveel dit selfs. Maar nou mag ons by daardie buiging geen beelde maak om ons te help of om ons aandag op te fokus nie. Die tweede gebod is 'n leë nis: die mens mag niks daarin plaas nie. Hy of sy mag nie voor beelde buig nie, maar slegs voor God self. Buig voor Hom wat jaloers is en geen mensgemaakte beeld voor sy aangesig kan verdra nie. As ons ons neerbuig voor hierdie Almagtige en Jaloerse God, word leë hande vereis. Voor jy jou

Bybelstudie-aand begin, mag jy jou hande met die palm boontoe op die tafel neerlê ... voordat jy hulle toevou. Dit herinner jou daaraan: dis leë hande wat ons saamvou om te bid. Onthou dit, dis 'n goeie begin vir jou Bybelstudie-aand!

2. Altyd groter!

Die skepping se tekort

Wanneer ons rondom ons kyk, lyk dit asof die skepping en die geskiedenis vir ons genoeg materiaal kan oplewer om tog 'n spesifieke beeld van God die HERE te kan vorm. Sy eie maaksel is tog 'n spieëlbeeld van Homself? Ons ken mos ook 'n skilder uit sy skilderye?

Tog verbied God hierdie metode, want al is die materiale wel wettig, is dit tog nie toereikend genoeg nie.

Ons ateljee is vol van 'n oneindige hoeveelheid kenmerke: die hemel met sterre en voëls, die aarde met plante en diere, die waters met visse van allerhande soorte. Wie het al ooit so baie kleure op sy palet gehad en soveel vorms tot sy beskikking soos die mens self, wat nie op die doodse planeet Mars nie, maar op 'n kleurvolle aarde mag woon? Ons kry nie klaar geskilder nie en aan geen beeldhouer se inspirasies kom 'n einde nie. Die museums raak net al hoe voller.

Tog blyk al ons materiale ontoereikend te wees – God is altyd hoër.

'n Wêreld gesien deur mat glas

Die skepping verwys wel na Hom.

'n Orkaan is die eggo van Sy stem. Die son is die nagloed van Sy warmte. In die perd se krag sien ons 'n vonkie van God se krag. In die skoonheid van 'n mens is daar herinneringe aan God se skoonheid.

Maar Hyself is altyd hoër.

So het God dit vir Job gewys. Hy praat met hom oor donderweer en drake. Dit is spore van sy werk, maar Job leer dat die Almagtige hoër is.

'n Erediens wat nie die verlede gedenk nie, is werd om self vergeet te word.

- A Carter

Elia het dit ook opgemerk: die storm by Sinai herinner aan God ... en tog is Hy nie in die storm nie.

Die gesnede wêreldbeeld

Deur middel van wetenskap en tegnologie is die mens vandag besig om 'n wêreldbeeld uit te beitel. Hy beitel 'n beeld met 'n voetstuk (evolusie) en 'n uitstraling (vooruitgang). Dit word miskien nie God genoem nie, maar in feite word hierdie wêreldbeeld tog hul afgod. Verder as hierdie wêreldbeeld hoef ons nie te soek nie. 'n Hoër god is daar nie.

Maar God self wil juis hê dat ons verby al ons beelde moet uitkyk in die onsigbare. Dit beteken dat ons verby al die geskape dinge moet kyk en in Hom glo. Daar is iemand verby die atome. Daar is iemand agter die swart gate in die heelal. Daar is iemand se hand in die aardlae. Jy kan Hom nie vind met jou mikroskoop of satelliet nie. Jy vind slegs alles wat in die hemel en wat op die aarde en wat in die waters onder die aarde is. En dit blyk oneindig baie te wees. Jy neem foto's daarvan en teken grafieke, jy skryf boeke vol daarvan en dokumentêre reekse vir die TV. 'n Ongelooflik wonderlike prenteboek propvol skitterende beelde. *Ons wêreld!*

Maar God wil nie hê dat ons ons daarteen vaskyk, dat hierdie ons fokuspunt word, dat dit is waarvoor ons leef en dat ons ons voor hierdie beeld begin neerbuig nie. Nie buig vir wat ons op die televisieskerm sien nie. Ons moet juis ophou buig vir al hierdie dinge wat sogenaamd die wonderlikste dinge nog ooit sou wees, terwyl dit alles bestaan uit lug en vuur en grond en water.

God verbied die mens om 'n beeld op die aarde van Hom te maak, want Hy is hoër.

Hoër as die bergtoppe

Dit is nou juis een van die belangrikste dinge wat ons as moderne mense moet vashou. God styg bo ons uit – Hy is hoër. Hy styg ook uit bo die beeld wat ek moontlik kan maak vanuit die geskapene, my gesigsveld en denke. Ek moet

my neerbuig voor 'n Almagtige, wat ek nie kan sien en ook nie kan vind en ook nie vir myself kan voorstel nie. Ek moet buig omdat ek Sy stem hoor. 'n Geluid wat my laat opkyk en laat besef dat daar nog 'n hoër wêreld is, 'n wêreld agter my mure.

So moet ons leer om die lug, aarde en water te gebruik om stil te word. Asemloos kyk ek wanneer riviere hul oevers oorstrom en te sterk is vir miljoene mense wat swygend toekyk. God is groter as die Yangsterivier! Hy is sterker as die tornado's!

Hoe hoog jy ook al kan opkyk na die diepte van die heelal, die ruimte, die enorme melkwegstelsels. Hy is groter as die ruimte!

Alle hoeke van die heelal, uit alle rigtings, hoor ons: 'Ons is te klein, ons is nie Hy nie!' So moet ons ontdek dat daar iemand is wat nog wyser as die diere en die mense is. Ons netvlies en gedagtes is oorlaai, maar nog steeds hoor ons die stem: 'Dis nog nie groot soos Hy self nie'.

Want hoor dan hierdie stem: 'Ek is die HERE jou God, 'n jaloerse God.' Hy is verseker daar. Hy verskuil dalk sy gestalte, maar Hy wil nie vergeet word tussen al die geskape dinge nie. Hy sal daardie skuldige wat homself in hierdie wêreld opsluit, nie onskuldig hou nie. Die mens wat agter die struik wegkruip, skrik as hy die stem hoor: 'Mens, waar is jy?'

Kleibeeldjies

Daarom is dit ook so laag, so aards, as ons sou sê: 'Hoe kan ek in 'n God glo wat oorlogsgruwels, mense-mishandeling en my persoonlike leed toelaat?' Ons sien onreg, ons verdra smart, ons skep 'n beeld daarvan en dink dan: dis dus hoe God is. En dan verwerp ons daardie beeld. Hoe sou ons in so 'n God kon glo? Maar dan praat ons oor ons eie gevormde beeld en dis waar ons vassteek. Ons fout lê nie in die feit dat ons struikel oor hierdie aarde se boomwortels nie, maar dat ons dink dat ons die regte beeld van God gevorm het deur hierdie boomwortels.

God het van sy grootste handewerk op sy kleinste skepsels verrig.

Ook is die hartseer en ellende wat oor die mens se pad kom, nie geskik om 'n beeld van die Almagtige te vorm nie. Mens kan nie 'n beeld van God maak nie, ook nie uit die modder van hierdie aarde nie. In die Bybel word vername voorgangers tot swye gebring wanneer hulle teen God in opstand kom. Moses, Jeremia, Habakuk, Job: hulle leer om hul hand oor die mond te plaas en te swyg. Die digter van Psalm 73 ontdek dat hy hom misgis het toe hy sy ervarings van hartseer en onreg omskep het in 'n godsbeeld wat hy wou weggooi.

Wie homself in God se Woord wil verdiep om God so beter te leer ken, moet heel eerste *beskeidenheid* leer. 'n Mens kan homself stukkend dink oor God, maar hy moet sy gedagtes stilmaak en oopstaan vir daardie Wonder wat baie hoër is as al ons voorstellings.

Hoër as wat ons bely

Dit geld vir alles wat ons oor God sê en ook vir wat ons bely: daarin verwoord ons wat die Skrif aan ons openbaar. Dan word God partykeer daarin opgesluit en ontstaan daar by mense 'n baie benouende en beperkte Godsbeeld. Asof God volgens die afmetings van ons formulerings gesny is. Daardie formulerings kan baie goed en mooi wees, maar dit bly mensemate. Wanneer ons voor God te staan sou kom, dan kan ons nie 'n papier uit ons binnesak haal en sê: 'ja, dis reg, ons herken u' nie. Ons sal dit nie waag nie. Ons sal soos dooies voor sy voete val: kan iemand dan God sien en lewe?

'n Plat wêreld

Hierdie diep gevoel van ontsag en respek vir iemand wat bo al ons voorstellings en woorde uitstyg, ontbreek deesdae al hoe meer in ons kultuur. Dit is dikwels wel aanwesig by volke wat afgode dien, maar daar word hierdie gevoel van angs en vrees omskep in beelde (soms baie grillerig) om hierdie ontsag te probeer bedwing en meer hanteerbaar te maak.

Afgodsbeelde het op hierdie stadium uit ons Westerse kultuur verdwyn. Mense is nie eens

meer bang vir die dood nie! Daarmee het ons dan tog 'n beeld van God gemaak: 'n beeld wat ons nie eens angstig maak nie. As Hy ooit bestaan, sal Hy tog niks aan ons doen nie...

Dan weergalm die gebrul van 'n leeu tog skielik, in ons moderne tyd, in die tweede gebod: 'Ek sal die skuldige nie onskuldig hou nie!'

God self haal al ons beelde en voorstellings uit ons hande en sê: Ek bestaan verseker, Ek is hier

Jy het 'n beeld van God gemaak en alles pas in daardie prentjie. Baie ongemerk begin daardie beeld jou denke en woorde beheers.

en Ek is groter! Daarmee roep Hy ons tot eerbied, tot 'n heilige ontsag en tot intense nederigheid.

Heilig is die Heer: beef o volke, beef!

As ons saam Bybelstudie hou en praat oor God, mag dit dan deurdronge wees van heilige siddering: dan sal iemand God kan sien en lewe! Laat ons nooit oor Hom praat en aan Hom dink, sonder om eers en elke keer weer hierdie denkende, redenerende, protesterende en eiewyse kop van ons, opreg en diep voor Hom te buig nie! Moenie die Skrifte misbruik om 'n beeld van jou God te vorm nie. Hy is hoër. Hy is ín die Ou Testament, maar met Jesus se koms, bring Hy vir ons die 'volle waarheid'. Dit maak ons versigtig om konneksies te maak en skemas op te stel aan die hand van willekeurige Bybeltekste. Ondanks die volledigheid en rykdom wat die Bybel ons bied, is ons in ons kennis maar net oppad na God toe!

Hy is altyd groter!


3. Die beeld van die Onsiglike

Die tweede gebod leer ons om te lewe met 'n leë nis: gevul met 'n onsigbare Stem. Die beitel, waarmee ons probeer om 'n beeld van Hom te

Dit is verkeerd om iets as wonderwerk te ag as dit enige ander doel het as slegs die verheerliking van God se Naam.

- J Calvin

maak, val uit ons hande uit en al bewende buig 'n mens met leë hande en baie beskeie voor die Onsigbare, wat 'n ontoeganklike lig bewoon.



Nie 'n beeld nie, wel 'n nis

Maar waarom *is daar tog* 'n tempel? Mens sou reken: geen beeld, ook geen tempel nie! As 'n mens dan sonder 'n beeld tog 'n tempel bou, dan beklemtoon jy juis dit wat afwesig is. 'n Tempel sonder 'n beeld is soos 'n uitgekapte nis in die rots van hierdie aarde: 'n leegte wat herinneringe voortbring.

Dit herinner ons daaraan dat daar verseker 'n rigting is waarin ons moet kyk (hemel toe) en 'n aanwesigheid (daarbo) en 'n beeld ('n werklikheid)!

Daar is regtig 'n gestalte van God, maar die mens kan dit nie uitdink nie. Hy is ook nie geskik om 'n beeld daarvan te maak nie. Daarom bly hierdie nis leeg hier op aarde.

Die beeld-loosheid van die Bybelse geloof is egter wel 'n leegte wat uitsien na 'n werklikheid. 'n Werklikheid wat ons nie na onself toe kan haal nie, maar wat God self verseker naby wil bring op sy eie tyd en wyse.

Die beeld van die onsienlike God

God het veral later in hierdie wêreld sy gestalte baie duidelik sigbaar gemaak.

Jesus Christus is die beeld van die onsienlike God. Wie Hom gesien het, het die Vader gesien. Ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene van die Vader. Jesus is die afstraling van God se heerlijkheid en die afdruk van sy wese. Hier staan die beeld van God voor ons - in lewende lywe!

Maar wie het hierdie gestalte uitgedink? Dit was verborge vir die verstandiges, die rykes en die edeles. Die ou filosofie en wetenskap het nooit op die idee gekom van 'n God wat Homself in sy Seun opoffer vir die wêreld nie. Geen mens het ooit kon dink dat God sy Seun aan 'n kruis sou laat sterf nie.

Jesus: nie 'n gesnede beeld nie!

Nou staan Hy daar. God se beeld! Kan ons daardie beeld van God dan nou wel teken en uitbeitel en vorm? Kan ons dit doen met behulp van prente in 'n Kinderbybel en kruise met 'n sterwende Jesus daaraan in ons kerke? Het ons nou uiteindelik genoeg beelde van God in ons kerkgeboue, om ons voor neer te buig en te kniel, omring met kerse en wierook?

In die huidige Christendom is 'n sterk stroming wat ook nie by ons verbygaan nie: waarin 'Jesus' die 'gesnede beeld van God' word. Mense sukkel om met 'n gesaghebbende God, 'n vaderlike Koning, oor die weg te kom. Hulle sê liever 'Jesus is jou vriend' en dit word die moderne en gemaklik aanvaarbare Godsbeeld vir sommige Christene.

Maar dan vergeet ons een ding. Die evangelies wys ons maar net die agterkant van God se gestalte. Dis nog maar net 'n glimps. Want die evangelies beskryf vir ons die vernederingstyd van Jesus. Sy ware en volledige beeld as afspieëling van die Vader word na Paasfees net groter en groter. In die hemelvaart styg dit bo ons uit en word van ons oog onttrek. As Johannes, seun van Sebedeus, later die geleentheid kry en sy meester nog een keer vanaf Patmos te siene kry, is dit nog steeds dieselfde Man saam met wie hy gereeld gesit en

Liefde in die Nuwe Testament beteken altyd dat 'n Christen bewus is van sy verantwoordelikhede.

eet en drink het. Sy gestalte is egter nou so verhewe, dat Johannes soos 'n dooie aan sy voete neerval. Soos 'n dooie vir daardie oë soos 'n vuurvlam. Soos 'n dooie vir daardie stem wat klink soos brullende water. Soos 'n dooie vir daardie gesig, waarna ons net so min kan kyk as wat ons aanhoudend na die son sou kon kyk.

Milde hande, vriendelik oë

Wanneer Jesus verskyn, vertoon God sy gestalte aan ons. Maar op Golgota en met Paasfees, wanneer God self naby kom en ons ontmoet, dan val ons hamer en beitel uit ons hande uit – al ons pogings om 'n beeld van God te vorm, word afgebreek.

Ons kan nie die beeld van God omvat nie, ons kan dit slegs aanbid. Aanbid die on sienlike Vader in die menslike Seun!

Dan moet ons dit dan ook sekerlik doen. Want sedert Jesus op aarde was, weet ons verseker dat daardie nis van die tweede gebod nie leeg bly omdat God nie naby wil kom nie. Die heidenvolke het daardie gevoel gehad wanneer hulle na Israel gekyk het: dit is die volk van die *verre* God. Hulle God wil nie naby hulle wees in die vorm van 'n beeld, van aardse hout of klip nie.

Die waarheid is egter anders. God wil sekerlik naby ons kom. Maar nie in die vorm van hout of klip nie. Hy wil sy hande, sy deurboorde hande, seënd op ons lê.

Dís juis hier waar ons grense lê. Ons kán nie op hierdie manier, met 'n beitel en beeld, God wil nadertrek nie. God wil hê dat ons met leë hande moet neerbuig, omdat Hy *self* en *Hy alleen* naby ons wil kom. Hy slaan self die spykers deur sy Seun se hande. Dis Hyself wat sy beeld naby ons bring. Ons sien dat Hy dood was en leef tot in alle ewigheid. Ons staan dan daar met leë hande, vir Hom om dit te vul. En daar buig ons sonder beelde voor Hom neer en laat ons daar versadig met die beeld van Jesus van Galilea, die beeld waarin God self aan ons verskyn.

Moenie aan My raak nie!

Jy mag vir jou geen gesnede beeld maak nie: God sal vir Homself 'n beeld voorsien, o mens! Ons Bybelstudiebyeenkomste mag nie sonder hierdie ontsag vir Christus, vir die hoë beeld van God, plaasvind nie. Hy is ons heil, maar Hy is nie gemaak volgens die maatstawwe van 'n vriend nie. Hy is en bly God, wat tot in ewigheid geprys moet word. Hoe sou ek Hom kon meet of dit selfs waag om Hom volgens my maatstawwe te wil inperk?

4. Maak ons aan u beeld gelyk!

Leë hande, oop ore

Hoe mag ons hierdie Here dan wél dien?

Nie volgens ons beeldvorming nie.

Maar deur te luister.

Wie my gebooie bewaar, dit is hy wat My liefhet. Want daardie mens gee homself oor en is nie meer beteweterig nie.

Om te vinnig te weet

Dis so in ons aard om beteweterig te wees. Kyk maar na Petrus op die berg van verheerliking ('laat ons hier drie hutte maak') en by die voetwassing ('U sal my voete in der ewigheid nie was nie') en by die aankondiging van Jesus se lyding en die verloëning ('dit sal nie gebeur nie'). By Petrus is daar in sy agterkop 'n voorstelling van God, wat homself nog steeds wil afdwing. Hy struikel oor sy eie gevormde beeld.

Dit gebeur deur die hele kerkgeskiedenis. 'Ons kan ons nie voorstel dat God hierdie kruistogte nie sou goedkeur nie.' Of: 'Ons kan ons nie voorstel dat God orrels of hierdie liedere in die kerk sou wil hê nie.' Of: 'Ons kan ons nie indink dat God op 'n ander manier die kerk sal vergader as waaraan ons gewoon is nie.' Dit is ons voorstelling van God (klaar gevorm en dikwels baie aantreklik) wat dan ons houding en ons gedrag bepaal.

Iemand wat sagmoedig is, staan sterk waar God se belange aangetas word, maar weet ook om terug te staan wanneer dit oor sy eie belange gaan.

- JP Versteeg

Nie vooraf geprogrammeer nie

Tog is luister beter as offers. En om te luister is baie moeilik. Ons sukkel dikwels daarmee.

Ons lewe in 'n tyd van min luister en baie gereeld jou mening lug. Ook in ons Bybelstudie is ons al te geneig om vanuit ons eie idee en beeld oor God en sy diens te praat.

Jy kan dit dikwels baie goed by ander raaksien. Maar dit kan jou denke ook ongemerk beïnvloed. Jy kan jou nie voorstel dat nié alle Bybeltekste perfek by mekaar aansluit nie. Jy kan jou ook nie voorstel dat God se weg in die kerkgeskiedenis

God wil afgebeeld word! In óns, in jou, in my!

anders sou wees as wat jy ooit in 'n skema uitgewerk het nie. Jy kan jou ook nie indink dat God se voorsienigheid dikwels groter en meer wispelturig sou kon wees as wat ons vinnige antwoorde by voorspoed en onheil ons wil laat glo nie. Jy kan nie dink dat as iemand as gedoopte sterwe, jy moeite kan hê om 'n mooi en vertroostende advertensie op te stel nie. Jy het 'n beeld van God gemaak en alles pas in daardie prentjie: al die Bybelstekste, jou kerk, jou ongeluk, die ongerymdhede. Baie ongemerk begin daardie beeld jou denke en woorde beheers. Jy word kwaad of bang wanneer daar dinge op jou pad kom wat nie in jou prentjie inpas nie. Die bespreking word vurig en spannend.

Let maar op hoe gereeld jy die volgende hoor: 'ek dink' of 'ek kan my nie indink dat' of 'dis mos maar ons gewoonte.' Terselfdertyd bestee ons dan min tyd aan gebed, aan vrae, aan oordenking, aan Bybelstudie en voorstudie. Laat ons dit verander. Laat ons ons gesamentlike Bybelstudies weer in die eerste plek gebruik om onself saam oop te stel en te luister. Dan nie om ons eie mening te gee nie, maar om te vra na wysheid, hemelse wysheid.

Soms sal dit tot enorme beeld-korreksies lei in ons idees en ons gedrag. Daar is immers baie beelde in ons kop geplant deur middel van die massamedia en ons kultuur. Dalk ook deur familietradisies of onlangse kerktradisies. Dalk gaan dit ons baie moeite kos om daardie beeldjies nie as huisgode onder ons reissaal weg te steek nie! 'n Beeldestorm teen klipbeelde in die kerk is verseker baie makliker as 'n storm teen dié beelde wat vandag aan ons verstand en ons hart opgedring word, of wat dalk nog van ons ouerhuise af daar rondspook.

Die klei vir die beeld

Luister met leë hande.

Dit laat ons groot dink van God: Die oseane is onder sy bevel!

Dit laat ons klein dink van onself: ons sou nooit God se beeld kon uitdink nie.

Hoekom bly daardie nis, waarvoor ons ons neerbuig, nog altyd leeg en moet ons ook na Paasfees met leë hande staan en ons ore oopmaak vir die Stem en vir Jesus se gebooie? Omdat God - en dis die grootste verrassing - self sy beelde wil beitel en vorm, en daardie beelde is *óns!* God wil deur sy stem en deur Christus se Gees so lank en ingrypend aan ons beitel, sodat ons perfekte beelde word. Nie beelde om voor neer te buig nie, maar beelde wat self voor hul God neerbuig.

God se hele genadige openbaring is gerig op die herstel van die mens as beeld van God. Dis gerig op die besnydenis van ons hart. God is die groot Beeldhouer: Hy maak nie beelde van hout of klip nie, maar beelde van vlees en bloed, met name van seuns en meisies, manne en vroue!

Tot 'n beeld verander

In 2 Korinthiërs 3 herinner Paulus ons aan die Sinaï. Moses se gesig het daar soms die glans van God se heerlike verskyning weerspieël. Dit was 'n uitsondering, maar dit was ook 'n voorteken. God werk in daardie rigting! Dan skryf

Die Bybel is menslik genoeg dat dit oor mense gaan en nie engele nie, en dit is Goddelik genoeg dat dit ons volkome sekerheid gee oor die betroubaarheid van sy antwoorde.

- EH Palmer

Paulus oor ons, wat die glans van God in Jesus Christus gesien het, in die volgende lang (en met die eerste oogopslag effens moeilike) sin: *'En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.'* 'n Moeilike sin oor 'n onvoorstelbare werklikheid. God toon Homself in Jesus Christus. Ons sien Jesus ons Heiland en ons ontvang sy Gees. Hy gaan ons verander, transformeer. Daar begin by ons 'n gedaanteverwisseling, wat van jou en my 'n beeld van 'n mens maak. Ons begin om Christus se beeld te vertoon, ons word spieëlbeelde, stralend en indrukwekkend.

Dit is God se plan met ons en daaraan werk Hy deur sy Gees.

Hy is ook baie spaarsaam daarmee. Hy kan dit nie verdra as jy Hom voor die voete loop, as jy in sy pad staan en Hom dwarsboom nie. Hierin is Hy afgunstig, jaloers.

In sy ateljee laat Hy dit nooit toe dat iemand sy beelde in wording sou verniel nie. Hy sal die skuldige nie ongestraf laat bly nie.

Hy is bly oor elkeen wat hom onderwerp aan die beitel van sy Gees en sy gebod, en wat homself

laat verander van 'n afgodsdienaar tot 'n eerbiedige dienaar, tot 'n mens wat leer om met leë hande voor die Almagtige neer te buig. Hy is bly oor diegene wat homself as materiaal beskikbaar stel om gebeitel te word tot 'n beeld van God, 'n beeld voor wie die engele sal neerbuig.

Oop vir die toekoms van aanskouing

Die Christelike gemeente het nie 'n beeld van God nie. Vir Hom is daar net 'n leë nis te midde van die beelde van apostels en voorgangers. Daardie leë nis wag vir jou gedaanteverwisseling in navolging van jou voorbeelde - die martelare en getuies.

God wil afgebeeld word! In apostels en profete. In óns, in jou, in my!

Ons hou nie ons Bybelstudies om aan 'n perfekte beeld van God te werk nie, maar om saam te verander van heerlijkheid tot heerlijkheid: volgens die beeld van Hom wat ons geroep het in die persoon van Jesus Christus!

Ek sluit af met 'n verrassende toekomswoord van ons Heiland. Ek gee dit vir jou saam om te oordink en om jou te bemoedig in jou Bybelstudies: *'Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien!'*

Die Heilige Skrifte het nie op aarde gegroei nie.

- M Luther

‘VEILIGE SEKSUELE ONGANG’

JJ Burger



Gereeld kan mens op die groot advertensieborde en ‘billboards’ langs die pad lees: *Ek kies vir veilige seksuele omgang – of anders geen seksuele omgang.* “Safe sex”.

Die advertensie-vermaning bevat, oppervlakkig gesien, iets soos Christelike ingetoënheid en Bybelse naasteliefde.

Veilige seksuele omgang – wie sou nie bly wees hieroor nie?

Veiligheid is ‘n groot ding, ‘n Bybelse opdrag. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself!

Lê die oproep om veilig seksuele omgang te hê nie naby aan dit wat die Bybel sê, dat die liefde die naaste geen kwaad aandoen nie?

Dan volg die tweede sinnetjie: Of anders geen seksuele omgang. Dit klink baie beslissend. Amper asketies. Hierdie woorde herinner ietwat aan Bybelwoorde soos: Wie trou doen goed, wie nie trou nie, doen beter. Dan onthou jy jou van seksuele omgang. Jy beheers jouself. En: is selfbeheersing dan nie vrug van die Gees nie?

Dit lyk amper Bybels-kragtig: veilig - of onthou jou van seksuele omgang!

As mens egter eers ‘n bietjie hieroor nadink, sal jy sien dat die advies vir veilige seksuele omgang nie gegee word omrede naasteliefde nie. Dit wil juis die mens se eiebelang na vore bring. Dit wil hom waarsku vir die risiko van VIGS.

Veilige seksuele omgang beteken dus nie : beskerm en beveilig jou naaste nie, maar dit beteken eerder dat jy op jou hoede moet wees dat jou seksmaat nie HIV-positief is nie.

Dit wat soos naasteliefde lyk, is in feite agterdog. ‘Veilige seksuele omgang’ beteken: Pas op! Jy weet nooit met wie jy te make het nie en jy kan tog niemand vertrou nie. Selfs nie wanneer daar ‘liefde’ op die spel is nie ...

‘n Lewe in gelowige heiligheid is die optimale waarborg vir geborgenheid en veiligheid.

Die Bybel is egter eerlik en bevrydend: *“Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie”* (1 Johannes 4:18).

Dit word dus duidelik – wanneer so ‘n advertensieboodskap oor veilige seksuele omgang langs die evangelie geplaas word – dat die ‘liefde’ van die wêreld angswekkend is.

‘Ek kies vir veilige seksuele omgang’ beteken: Op die ou einde is ek bang vir die ander een. Ek is bang vir die konsekwensies van my daede.

In al my verhoudings moet ek versigtig wees.

Alle waarheid is God se waarheid.

- Augustinus

- Die liefde van die Bybel ken nie hierdie vrees nie.
- Dit hoef ook nie hierdie vrees te ken nie.
- Liefde is in die Bybel immers die vervulling van die wet.

God se wet, wat aangaande die huwelik en seksualiteit nie slegs veiligheid nie, maar ook heiligheid leer. Heiligheid, wat seksualiteit verbind aan die huwelik en owerspel en die ruil van seksmaats verbied. Waar hierdie heiligheid heers, kom daar ook seën, nl. veiligheid.

Heiligheid en veiligheid word deur die wêreld

losgemaak van mekaar. Hulle wil wel veilig wees, maar sonder heiligheid. Dan kom daar inderdaad chaos en angs. Angs, waarop die woorde van die advertensie sinspeel.

Wanneer jy heiligheid en veiligheid bymekaar hou, hoef jy nie meer bang te wees nie. Dan is dit nie: veilige seksuele omgang – of geen seksuele omgang, nie. Maar: heilige seksuele omgang, want dit is veilig. En die liefde wat die wet vervul, verdryf die vrees. 'n Lewe in gelowige heiligheid is die optimale waarborg vir geborgenheid en veiligheid.

UITRUIL VAN GESKENKE

*En as iemand aan die HERE 'n spysoffer bring...
...en hy moet dit as die gedenkoffer op die altaar aan die brand steek, 'n vuuroffer van lieflike geur
aan die HERE.*

(Levitikus 2 :1 en 2)

E Viljoen

Huis en liturgie

Levitikus 2 bring ons in 'n kombuis. Nie in die eerste plek die Tabernakel nie. Levitikus 2 het dit oor 'n spys- of voedseloffer aan die Here. Die hoofstuk is byna iets van 'n resepteboek vir die voedseloffers. Allerlei bestanddele maak deel uit van die voedselgeskenk aan die Here. Die voorbereiding van allerlei graanoffers word in detail beskryf. Dit word gedoen *in die tentwoning* van die persoon wat die geskenk na die Here wil bring. Dit maak die graanoffer egter nie minder 'n offer nie. Die daaglikse lewe van die een wat offer en die Here se teenwoordigheid in die tabernakel word juis op hierdie manier op 'n aangrypende manier aan mekaar verbind.

Die offer begin dus nie eers wanneer die tabernakel ingegaan word nie. Tentwoning en die altaar in die tabernakel word aan mekaar verbind. Die daaglikse lewe staan nie verwyderd van die Here se heilige



teenwoordigheid in die tabernakel nie! Alles begin as't ware in die kombuis van die Israeliete se tente.

Lidmaat en liturgie

Maar ons moet op iets nog belangriker let. In Israel gebeur iets wat by die buurvolke van die Israeliete ondenkbaar sou wees. Die boek

Die Roomse glo dat God en die gelowige moet saamwerk om te red, terwyl die Reformasie bely dat God slegs sondaars kan red as hulle ophou om hulself te probeer red.

- R Rosenblatt

Levitikus begin nie met voorskrifte vir 'n afgesonderde priesterstam nie. Die eerste drie hoofstukke is in die eerste plek gerig aan *die gewone bevolking*. Die gewone bevolking kry instruksies vir die liturgie: "So maak jý wanneer jý die Here kom aanbid...wanneer jy simbolies jou lewe aan die Here kom toevertrou... wanneer jy kom uiting gee van jou dank teenoor die Here...wanneer jy geskenke vir die Here uit jou huishouding vir die Here kom gee..."

Liturgiese voorskrifte kom dus nie in die eerste plek na die priesters wat 'n bepaalde leidende rol in die tabernakel moes vervul, nie. Broeder, suster, jonk en oud...elkeen van ons moet luister hoe ons almal in die erediens moet kom. Hoe en waarmee in die erediens moet kom.

Die erediens is nie 'n plek waar ek 'n passiewe toeskouer is van wat *ander* doen nie. Voor alles, en die bepalende van die hele sfeer waarin die res van die erediens plaasvind, is hoe elke lidmaat na die erediens kom. Voorop staan elke gelowige wat met sy of haar offer na die Here kom.

Die uitnodiging vir elke Israeliet was dus: Kom, kom na die tent van ontmoeting! Kom neem jy deel aan die ontmoeting met die lewende God. Kom in sy teenwoordigheid in. Kom bring jou offer; bring jou geskenk vir die Here!

**Sy kinders laat deur hierdie
vrywillige offers sien dat hulle nou
hulleself aan die Here kom gee.
Heeltemal vrywillig en in vertroue.**

Geen geheime saak nie

Vir enige waarnemer uit die heidense volke, gebeur hier iets ondenkbaar. *Dit wat geoffer word kom uit die huishoudings van gewone mense in die volk van die Here*. Skaap- en beeskraal is regstreeks verbind met die tabernakel. Kombuis is ewe goed verbind met die teenwoordigheid van die Here.

Gewone mense het regstreeks toegang tot die teenwoordigheid van die Here. Meesal was daar in die heidense godsdienste nie eers toegang tot die tempel van hul gode moontlik nie. In Israel is die liturgie 'n *gemeentesaak*! By die heidene was die liturgie 'n geheime saak. Geheime rituele is deur priesters bewaar en gedoen waardeur die gode in beweging gebring kon word. Met 'n geheime towerspreuk en towerhandeling was die gode bereikbaar en beïnvloedbaar.

Levitikus is nie 'n *geheime priesterhandleiding* nie. Dit is nie weggesteek vir 'n klein groepie ingewydes by die tabernakel nie. Geen goed bewaarde geheim nie!

Dit was 'n openbare geheim! Dit is bedoel vir die gelowige volk wat in gemeenskap met die Here lewe! 'n Handboek *vir elkeen* wat in die teenwoordigheid van die lewende Here van Israel wil lewe. So begin elkeen van die eerste drie hoofstukke: "*As iemand aan die Here 'n offer bring...*". Wie dan ook...! Elkeen wat bly is oor die Here se gawes en geskenke aan hom /haar, kom gerus in sy teenwoordigheid. Laat sien hoe bly jy oor die lewe met die Here is.

Uitruil van geskenke

Kom met vrywillige geskenke / offers. Die Here het 'n blymoedige gewer lief. So gaan dit in die erediens met die lewende God. Jy kom met jou blydschap oor die Here na die Here.

Hier is ons in die hartklop van ons lewe met die Here. Ons hele lewe word gevorm rondom die uitruil van geskenke tussen die Here en sy kinders. Maar ook meer as net die uitruil van geskenke: Die Here gee Homself. *Hy is teenwoordig*. Dit word duidelik uit alles wat Hy vir sy kinders gee. Hulle skape, beeste en koring. Hulle rykdom.

Sy kinders laat deur hierdie vrywillige offers sien dat hulle nou *ewe goed hulleself aan die Here kom gee*. Heeltemal vrywillig en in

Ons kan slegs die boodskap van die Bybel verstaan as ons die eerste 3 hoofstukke van die Bybel glo en verstaan.

vertroue. Die beste uit die beeste of skape. Of, soos met die spysoffer...fynmeel! Die beste meel in jou huis. *Daardie meel waarmee jy vir jou eregaste sou kos maak.* Daarvan

bring jy nou na die Here. Hier op aarde vervul jy nou die rol van gasheer / gasvrou. Jy ontvang die lewende Here en eer Hom met dit wat Hy vir jou gegee het.

DIE OORDEEL ... WANNEER?

H van den Berg



Ek het 'n Bybelstudiegroep vir mans se vraag oor die oordeel op die jongste dag onder oë gekry. Die groep het die volgende voorgelê: Na aanleiding van die gelykenis van die ryk man en die arm Lasarus, het ons die volgende vraag: Ons sien by die sterwe van die ryk man en die arm Lasarus (Luk 16:19 e.v.), dat die skeiding reeds plaasvind by ons sterwe. Die één is in die ewige heerlikheid en die ander één in die pyniging. As die oordeel dan na ons dood dadelik voltrek word, hoe moet ons dan die oordeel van die jongste dag (volgens Openbaring) verstaan, wanneer elkeen voor die regterstoel van Christus moet verskyn om rekenskap te gee van sy lewe? Dus, watter doel het die oordeel by Christus se wederkoms?

Opstanding ... en daarna?

Op die jongste dag vind die eindafrekening plaas. Die Here Christus het self daarvan vertel in Matteus 25:31-46. Al die volke sal voor

Christus versamel word. Dan sal Hy skeiding bring. Daar vind skeiding plaas tussen die skape en die bokke. Die skape kry plek aan sy regterhand. Hulle beërwe die Koninkryk, die hemelse heerlikheid. Die bokke kom aan sy linkerhand te staan. Hulle word deur Christus afgewys: *'Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duivel en sy engele.'*

Daardie selfde oordeel word ook vir ons beskryf in Openbaring 20:11-15. Johannes het 'n groot wit troon gesien met Christus wat daarop sit. Dan word die boeke geopen en die dooies word geoordeel volgens wat in die boeke geskryf is. Wanneer iemand nie opgeskryf is in die boek van die lewe nie, word hy in die poel van vuur gewerp.

Maar vóór hierdie eindoordeel plaasvind, gebeur daar eers nog iets anders. Ons kan dit lees in vers 13: *'En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.'* Die opstanding van die dode word hier vir ons beskryf. Die grafte gaan oop. Die liggeme, wat eenmaal daarin neergelê is, kom daaruit te voorskyn. Dit gebeur nadat hulle met hul siel verenig is. Die Here sal die siel van jou geliefde man/vrou weer met sy/haar liggaam verenig. Dit is ook die magtige, troosryke belydenis van Sondag 22 van die Heidelbergse Kategismus.

Oor beide, siel en liggaam saam, word die oordeel op die jongste dag uitgespreek! Dit is dus wat nuut is van die jongste dag! Dit gaan dan nie

Ons moenie slegs leer dat neutraliteit onmoontlik is nie, maar ook dat alle onderwys godsdienstig is. Alle onderwys dien 'n god.

- WA de Jong

net oor die *siel* nie, maar ook oor die *liggaam*. Die *siel* van die gestorwe gelowige geniet vandag al die heerlijkheid. Maar sy *liggaam* kom nog niks agter van hierdie heerlijkheid nie. Die siel geniet nou alreeds die voorsmaak van die ewige heerlijkheid op die nuwe aarde. Maar die siel word op hierdie oomblik nog 'naak bevind' ... dit het nie 'n liggaam nie. Dit wag op die oomblik dat sy oorklee sal word met die nuwe, heerlike liggaam (2 Kor. 5:3 en 4). Later mag nie net die siel nie, maar ook die liggaam deel in God se vergewende genade.

Die siele van die verworpenes moet nou al die oordeel ondergaan, terwyl die liggaam nog daarop wag. Die siel is as 't ware in voor-arres. Die definitiewe straf sal nog kom wanneer die liggaam later daarin sal deel. Nie net hulle siel nie, maar ook die liggaam wat gesondig het, sal die straf moet dra.

Tweërlei opstanding

Daar is dus sprake van 'n tweërlei opstanding. Daniel 12:2 is duidelik daarvoor: *'En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot*

groot smaadheid, vir ewig afgryflik.' Indrukwekkend. Jy kan jou dit nie voorstel nie. Miskien ook maar beter so... Hoe werk dit, die opstanding tot ewige misvormdheid? Ons sal liever nie te lank hierby stilstaan nie. Hier geld: wat in geen mensehart opgekom het nie.... Die mees fantasieryke horror-film sal dit nie kan voorstel nie.

Maar dan is daar ook die ander sy waaroor Paulus so uitbundig skryf. Die opstanding van die dode in onverganklikheid, in heerlijkheid en krag (1 Kor. 15:42-44). Ook nou sê ons: dit sal wees soos wat geen oog gesien en geen oor gehoor het nie... Ons weet so min daarvan af, maar een ding is seker: dit sal heerlijk wees!

Die boodskap van die laaste oordeel is dus soos volg: God betrek ons hééltemal in die oordeel, óók ons lyf, ons ledemate. Vergeet ons nie dikwels om ook ons liggame te stel 'as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer' nie (Rom. 12:1)? *'Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad* (2 Kor. 5:10).

Mag die HERE u 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar gee.

Ons moenie ons ervarings die riglyn vir die Bybel maak nie, maar die Bybel die riglyn vir ons ervarings.